HOOFKANTOOR
Kantoor van die Openbare Beskermer
Privaat Sak X677
Pretoria
0001
Lunnonstraat 175
Hillcrest-kantoorkompleks
0083
Tel.: (012) 366 7000
Faks: (012) 362 3473

OOS-KAAP
Posbus 1400
Bisho
5605
Unathi-huis
Independent-laan, Bisho
Agter Pick 'n Pay
Tel.: (040) 635 1286/7/
1145/1126
Faks: (040) 635 1291

VRYSTAAT
Posbus 383
Bloemfontein
9300
Openbare Beskermer-huis
Kellnerstraat 82
Bloemfontein
Tel.: (051) 448 6172/6185
Faks: (051) 448 6070

GAUTENG
Posbus 32738
Braamfontein
2017
Constitutional Hill
Vrouegevangenis
Kotzestraat 2
H/v Kotze- & Joubertstraat
Johannesburg
Tel.: (011) 339 3737/2047
Faks: (011) 339 2858

KWAZULU-NATAL
Posbus 4267
Durban
4000
22ste Verdieping
Kantoor 2114
Commercial City-gebou
Durban
Tel.: (031) 307 5300/5250/5251
Faks: (031) 307 2424

LIMPOPO
Posbus 4533
Polokwane
0700
Eenheid 2301
Wyndom Park
Rabestraat 23
Polokwane
Tel.: (015) 295 5712/5699/5956
Faks: (015) 295 2870

MPUMALANGA
Posbus 3373
Nelspruit
1200
Pinnacle-gebou
Kantoor 101
Parkinstraat 1
Nelspruit
Tel.: (013) 752 8543
Faks: (013) 752 7883

NOORD-KAAP
Posbus 1505
Kimberley
8300
Sydneystraat 4
Pretmax-gebou
2de en 3de Verdiepings
Kimberley
8300
Tel.: (053) 831 7766 or
(053) 832 5381/2
Faks: (053) 832 3404

NOORDWES
Posbus 512
Mafikeng
2745
Kamers van die Openbare Beskermer
H/v Martin- & Robinsonstraat
Mafikeng
Tel.: (018) 381 1060/1/2
Faks: (018) 381 2066

WES-KAAP
Posbus 712
Kaapstad
8000
4de Verdieping
H/v Breë- en Walestraat 51
Kaapstad
Tel.: (021) 423 8644
Faks: (021) 423 8708

STREEKKANTORE

GEORGE
Posbus 9481
George
6530
1ste Verdieping, Suidvleuel
Bataleurpark
H/v Cathedral- en
Cradockstraat
George
6259
Tel.: (044) 874 2887/904
Faks: (044) 874 5922

KURUMAN
Posbus 79
Mothibistad
8474
Roselaan 1
Winkel 1
Kuruman
8460
Tel.: (053) 712 1762 / 2347
Faks: (053) 712 2417

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org

MABOPANE
Posbus 3165
Rosslyn
0200
Central-huis
2de Verdieping
Kamer 334
Mabopane
Tel.: (012) 702 5458/4330
Faks: (012) 702 8127

NEWCASTLE
No 58
Corner Allen and Scott Street
Newcastle
Posbus 1169
Newcastle
2940

RUSTENBURG
Posbus 371
Tlhabane
0309
Kamer No. 12
Ou SARS-gebou
Klopper straat 135
Rustenburg
Tel.: (014) 592 9023/6
Faks: (014) 592 9031

SIYABUSWA
Posbus 2391
SIYABUSWA
0472
Ou Parlements gebou
Job Skosana straat
SIYABUSWA
0472
Tel.: (013) 973 0033/6
Faks: (013) 973 0029

UPINGTON
Posbus 15
Upington
8800
Umbra gebou
Markstraat 55-59
Upington
8800
Tel.: (054) 338 5740
Faks: (054) 331 0036

VRYBURG
Posbus 891
Vryburg
8000
Old Mutual gebou
Markstraat
Vryburg
8600
Tel.: 053 927 2221
Faks: 053 927 2509

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org

AFRIKAANS

PUBLIC PROTECTOR
SOUTH AFRICA

HET JY ENIGE KLAGTES AANGAANDE DIENSLEWERING DEUR REGERINGSINSTANSIES?

DIE OPENBARE BESKERMER KAN JOU DALK HELP!

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org

Wie is die Openbare Beskermer?

Die Openbare Beskermer (of Ombudsman soos hy/sy voorheen bekend gestaan het) -

- is ‘n hoëvlakamptenaar;
- is onafhanklik van die regering en politieke partye;
- word ingevolge die Grondwet deur die Parlement aangestel;
- ontvang klagtes oor staatsdepartemente, -agentskappe of -amptenare van gegriefde persone; en

het die bevoegdheid om -

- ondersoeke te doen;
- te bemiddel, te versoen en te onderhandel;
- regstellende optrede aan te beveel; en
- verslae uit te reik.

Wat doen die Kantoor van die Openbare Beskermer?

Enigiemand kan ‘n klagte indien by die Openbare Beskermer wat die klagte dan sal ondersoek.

Dink aan die Openbare Beskermer as ‘n skeidsregter wat ‘n probleem van alle kante kan beskou. Indien die Openbare Beskermer die klagte geregverdig vind, sal hy/sy alles moontlik doen om ‘n oplossing vir die probleem te vind, met inbegrip van aanbevelings om die stelsel te verander.

Die Openbare Beskermer kan die aangeleentheid ook by die Parlement aanmeld, wat oor die aangeleentheid sal beraadslaag en sal verseker dat die aanbevelings nagekom word.

Die ondersoeke word meestal op ‘n informele wyse gedoen, maar die Openbare Beskermer kan, wanneer nodig, dagvaardigings beteken aan mense om getuienis onder eed af te lê.

Wie of wat kan deur die Openbare Beskermer ondersoek word?

- Die regering op enige vlak; dus die nasionale en provinsiale regering en die plaaslike owerhede;
- Persone wat ‘n openbare werksaamheid verrig, ook enigiemand wat ‘n werksaamheid verrig wat alle of sommige Suid-Afrikaners raak, byvoorbeeld ‘n regeringswerknemer soos ‘n polisie- of verkiesingsbeampte;
- Openbare entiteite soos die SAUK, Eskom en Telkom; en
- Statutêre rade, byvoorbeeld die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR).

Wat kan deur die Openbare Beskermer ondersoek word?

Onbehoorlike benadeling wat gely word as gevolg van;

- Magsmisbruik;
- Onbillike, wispelturige, onhoflike en ander onbehoorlike gedrag;
- Onredelike vertraging;
- Besluite wat deur Owerheids instasies geneem word;
- Wanadministrasie;
- Oneerlikheid of onbehoorlike verhandeling ten opsigte van openbare geld;
- Onbehoorlike verryking; en
- Verkryging van onbehoorlike voordeel.

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org

Wanneer kla iemand by die Openbare Beskermer?

Voordat jy ‘n klagte by die Openbare Beskermer indien, moet jy bes doen om die probleem self op te los deur byvoorbeeld -

- met die amptenare te praat wat betrokke is of, indien dit nie help nie;
- aan die persone te skryf wat in beheer is van die amptenare, byvoorbeeld die Hoof van die Departement, die Hoof- Uitvoerende Beampte of die Munisipale Bestuurder,en
- Jy kan ook daaraan dink om die Lid van die Parlement (LP) of die Lid van die Provinsiale Wetgewer te nader.

Die brief moet die volgende inligting bevat:

- Die aard van jou klagte;
- Agtergrond en geskiedenis van die klagte;
- Die redes waarom jy glo die Openbare Beskermer die klagte moet ondersoek;
- Die stappe wat jy gedoen het om die probleem op te los. Meld die name en datums, en wat gesê is. Afskrifte van enige korrespondensie tussen jou en die amptenare moet by jou brief aangeheg word; en
- Jou posadres en ‘n telefoonnommer, waar jy gekontak kan word.

Jy kan aan die Openbare Beskermer skryf of iemand vra on namens jou te skryf.

Jy kan die Kantoor van die Openbare Beskermer ook skakel, waar opgeleide professionele personeel na jou klagte sal luister.

Jy kan ook enige van ons kantore in al nege provinsies besoek vir ‘n onderhoud of oorlegpleging indien jy dit verkies.

‘n Klagte moet binne twee jaar na die datum van die gebeure by die Openbare Beskermer ingedien word.

Klagtes kan ook ingedien word by besoekpunte van die Kantoor of by werkwinkels wat deur die Kantoor aangebied word. Besoekpunte is gebiede wat geïdentifiseer is vir die doel van onderhoudvoering met klaers en word in al die provinsies aangetref. Besoekpunte word minstens een maal per maand bedien.

Sal iemand anders van my klagte hoor?

Die Openbare Beskermer en sy personeel sal, indien nodig, die naam van die klaer vertroulik hou.

Wat kos die bystand van die Openbare Beskermer?

Dienste is gratis.

Wat kan nie deur die Openbare Beskermer ondersoek word nie?

- Die beslissings en vonnisse van geregshowe;
- Privaat individue;
- Privaat maatskappye; en
- Professionele persone wat nie in diens van die regering is nie, soos dokters en prokureurs.

In bogenoemde gevalle kan die personeel van die Openbare Beskermer egter vir jou sê waar om ‘n klagte in te dien of wat om te doen. In sekere gevalle, soos hierbo vermeld, waar die Openbare Beskermer nie oor die nodige jurisdiksie beskik om die klagte te ondersoek nie, sal jy na ‘n gepaste instansie verwys word.

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org

Tolvry: 0800 11 20 40
www.publicprotector.org